UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

**KRITERIA VIR DIE TOEKENNING VAN ONDERDAKPARKEERPLEK OP DIE KAMPUS VAN DIE FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

## Agtergrond

Onderdakparkeerplek is beperk en word volgens sekere kriteria aan individue toegeken. Die individu betaal ‘n maandelikse tarief vir die gebruik van die parkeerplek of ‘n jaarlikse bedrag in die geval van nie-US-werknemers. Hierdie tarief word elke jaar hersien. Die inkomste wat gegenereer word, word vir die instandhouding van onderdakparkeerplekke aangewend.

## Kriteria vir kwalifisering

Die volgende personeel kom in aanmerking vir onderdakparkeerplek:

- Permanente personeel in diens van die Universiteit Stellenbosch.
- Gesamentlike personeel (hoofspesialiste, eerste spesialiste, patoloë [NHLS] en wetenskaplikes [Wes-Kaapse regering, MNR en NHLS]) aangestel volgens die diensvoorwaardes van die vennoot-werkgewers (Wes-Kaapse regering, MNR en NHLS). **Mediese beamptes en huisdokters word nie as gesamentlike personeel beskou nie en kwalifiseer dus nie vir onderdakparkeerplek nie.**
- UWK-personeel soos per ooreenkoms.

## Aansoekproses

- Permanente personeel in diens van die Universiteit Stellenbosch moet die aanlyn-aansoekvorm invul.
- Nie-US-personeel moet die waglys-aansoekvorm invul wat by die administratiewe beampte in Kamer 0049 in die Kliniese Gebou beskikbaar is.

## Kriteria vir toekenning

- Bestuur en personeel (op posvlak 6 en hoër) sal voorkeur geniet en altyd bo-aan die waglys wees.

- As ‘n parkeerplek aan ‘n werknemer toegeken word en hy/sy nie dit nie aanvaar nie, behou hy/sy die plek op die waglys. Dit het veral betrekking op werknemers wat ‘n parkeerplek op ‘n spesifieke plek wil hê.

- As ‘n parkeerplek aan ‘n personeellid toegeken word en hy/sy dit nie binne 10 dae aanvaar of reageer nie, sal dit aan iemand anders op die waglys toegeken word.